

DIE KOMMISSIE HERVAT NA ETE.

FLORIS JOHANNES MOSTERT, nog steeds onder eed:

HERONDERVRAGING DEUR MNR. VISSER: Mnr. McNally deel mee dat enige reg van verdere herverhoor hy het, dat hy nie daarvan sal gebruik maak nie. Brigadier Mostert net om enige moont-like persepsies wat daar mag ontstaan in hierdie verband uit die weg uit te ruim, voordat u gister kom getuig het, kan u net vir die Kommissie sê wanneer voor daardie tydstip het u vir ons, u regsman, laas gesien? -- Ek dink dit was laas keer toe ons hier uitgestel (10) is na 7 Mei toe, dit is ongeveer 'n maand gelede.

En u was inderdaad Maandag hier by die Kommissie gewees? -- Dit is korrek.

Dit is blykbaar op 'n versoek van mnr. Erasmus gewees? -- Dit is so.

Wat was Dinsdag u posisie gewees, Dinsdagoggend, gister-oggend? -- Dinsdagoggend het ek 'n opdrag van hoofkantoor gehad om 'n konferensie by te woon.

Wat se konferensie was dit? -- Van Satoer, Fedhasa en Stadsraad en mense van Oos-Transvaal het afgekom vir hierdie (20) konferensie.

Was dit 'n konferensie wat voorheen gereël was of wat? Was dit Maandag gereël of wanneer was die konferensie gereël? -- Ek weet nie wanneer dit gereël was nie, maar ek het kennis gekry verlede week.

Verlede week? -- Ja, kennis gekry.

En inderdaad is u daar toe gekontak deur beamptes van die Kommissie? -- Ek het 'n boodskap gekry daar.

Ja, nou was u in enige stadium onwillig om voor die Kom-missie te getuig? -- Geensins. (30)

U/...

U het wel in u beëdigde verklaring, C20 op bladsy 8, paragraaf 7, die sentiment uitgespreek dat u nie graag nou reeds sou wou getuienis lewer nie, bladsy 8, paragraaf 7 en u het sekere motiverings daarvoor genoem. In 7.1 het u gesê dat die artikel 29 aanhoudings van mnre. Verster en Kruger is onder andere opgehef om hulle in staat te stel om voor die Kommissie te getuig en hulle het nou nog nie getuig nie en u vrees was dat hulle sal sit en luister na wat die polisie, hoe ver die polisie gevorder het met die ondersoek nie waar nie?-- Dit is korrek.

Het u gister opgelet of enige van die persone hier was? -- (10)  
Nee, ek het nie opgelet nie.

Nou is dit reg om te sê dat u tot dusver nog steeds en vandag nog steeds angstig is om u volle samewerking tot hierdie Kommissie se werksaamhede te lewer? -- Ek het geen probleem daarmee nie.

En u het inderdaad reeds opdrag gegee aan u regsverteenwoordigers om selfs die dossier aan te bied aan die Kommissie?

-- Dit is korrek.

Dit is aan u gestel gewees hier gedurende kruisverhoor met betrekking tot Botha se beëdigde verklaring, paragraaf 3.2 dat (20)  
u daarso 'n rede vir die aanhouding kragtens artikel 29 van Botha uiteengesit het en toe is daar aan u gestel dat u sou gesê het dat u inligting gehad het van 'n organisasie van wie die oogmerk was of liever dat die oogmerk van gemelde moorde en ander optredes van dié organisasie was om die regeringsbestel omver te werp.

Nou dit kom nie voor in paragraaf 3.2 nie. Die vraag aan u is dit: Het u dit op enige ander plek gesê? -- Nee.

Iets gepraat van optrede deur middel van moorde en ander  
dade/...

VOORSITTER: Wat staan daar mnr. Visser?

MNR. VISSER: Hier taan teen te werk. Nou in paragraaf 3.8 van daardie selfde verklaring, ekskuus tog, in die Barnard-verklaring, die Barnard-aansoek, verskoning mnr. die Voorsitter, dit is 3.6 is u gekritiseer gewees omdat u nie die naam BSB gemeld het nie.

U het inderdaad reeds vir die agbare Voorsitter verduidelik dat julle besluit het dat dit beter sou wees om die naam te verswyg in daardie stadium? - Dit is korrek.

Maar daarby kom ook die feit dat waarna u hier verwys in paragraaf 3.6 is aangeleenthede wat u inligting gevorm het tydens die oorspronklike ondervraging van Barnard voor sy arrestasie? (10)  
-- Dit is korrek.

Nou net om hierby aan te sluit het mnr. Pretorius vir u gesê maar is die rede waarom u nie die BSB by name wou identifiseer nie gewees omdat u eintlik instruksies gehad het om dit nie te doen nie, dat u eintlik dit onderdruk het? -- Geen-sins nie. Ek het geen instruksies van enige persoon gehad nie.

Terwyl ons op dié punt is, wat was u - laat ek so vra, wie is die ondersoekbeampte in die Webster-moordgeval? -- Oor-hoofs is generaal Joubert aangestel deur die Minister en ek is die (20) ondersoekbeampte.

Ja, in opdrag van generaal Joubert? -- Van generaal Joubert.

Is dit so dat u aan generaal Joubert verslag doen? -- Dit is korrek.

En u aanvaar hy doen dit aan die Minister?-- Ek neem so aan.

Is/...

K43.0248

- 1161 -

MOSTERT

Is dit ook so dat u en generaal Joubert van tyd tot tyd samesprekings voer oor die vordering ensovoorts? -- Dit is so. (30)

En wat was presies u opdrag met betrekking tot die Webster ondersoek en wat is vandag nog u opdrag in terme van die Webster

ondersoek? -- Van wie?

Van bo af soos mnr. Pretorius dit gestel het. -- Is dat die ondersoek moet voortgaan en moet oopgevlak word.

Ja en is dit nie so nie, dat verre daarvandaan dat u mense probeer beskerm het, het u inderdaad BSB-lede gearresteer? -- Dit is korrek.

Hier is net een aspek, u het gister op een geleentheid en ook vandag weer op 'n geleentheid verwys na wat generaal Joubert vir u sou gesê het aangaande wat Botes, dit is die man van 29 Augustus wat by die Minister was, vir generaal Joubert sou gesê (10) het, naamlik - die vraag was gevra: Het generaal Joubert vir u gesê Botes het vir hom gesê dat die BSB vir Webster vermoor het en u het aan die einde van die vrae, het u geantwoord ja.

Dit beteken generaal Joubert het vir u gesê Botes het vir hom gesê BSB het vir Webster vermoor. Waarop baseer u daardie antwoord, op geheue of op feite wat u voor u het of waarop baseer u daardie antwoord? -- Slegs geheue.

Geheue. Hoe seker is u van daardie feit brigadier, van hierdie mededeling van generaal Joubert aan ... is dit iets wat u helder voor die oog staan of is dit iets wat u uit u geheue uitkrap? (20) -- Ek moet daar op my geheue staatmaak.

Ekskuus? -- Ek moet op my geheue staatmaak.

VOORSITTER: Ja-nee, ons aanvaar dit, maar die vraag is, wat die advokaat by u wil weet, is u geheue helder of raai u of is u geheue vaag op die punt? -- Dat die Botes geval bespreek was dit is weliswaar. Nee ek probeer nou net my gedagtes

agtermekaar/...

K43.0336

- 1162 -

MOSTERT

agtermekaar kry. Die Botes geval was bespreek. Sy (30) betrokkenheid by BSB was bespreek, Die Webster-moord is bespreek, dit is so.

MNR. VISSER: So sê u, u is seker of u is nie seker nie? -- Ek is, ek weet nie, ek is nie seker nie.

U is nie seker nie, goed.

VOORSITTER: Ja.-- Daardie drie aspekte was bespreek. Ek het nie met Botes onderhandel nie, ek ken, ek weet nie, ek het nie met hom onderhandel nie, maar dit was bespreek.

MNR. VISSER: Is daar enige waarheid in die stelling dat u probeer het om die publiek te mislei deur persverklarings vry te stel oor die vordering in die Webster ondersoek? -- Nee, ek het periodiek met prokureur Jacobson ... (tussenbei)

Nee, kom ons praat eers van die pers? -- Nee, ek het nie, nee, definitief nie. (10)

Is dit billik om te sê dat u vir die vordering of die gebrek aan vordering wat u na bewering toon met die Webster ondersoek die pers blameer vir die, as 'n rede waarom u nie vordering met die ondersoek maak nie. Het u dit al gedoen, blameer u die pers daarvoor? -- 'n Mens sal nooit weet nie, nee, ek kan hulle nie direk blameer daarvoor nie. 'n Mens sal ook nooit weet hoe dit jou affekteer nie.

U sien, want dit is aan u gestel u maak onbillike aan-tygings teen die pers. Stem u saam met so 'n stelling? -- Die pers beïnvloed wel jou ondersoek. (20)

Is dit 'n onbillike stelling volgens u? -- Dit is nie onbillik nie.

En dan is daar aan u gestel deur my geleerde vriend, mnr. Pretorius, dat toe u nou hoor dat Barnard en Botha vir White monitor, toe moes u onmiddellik geweet het hier is 'n staatsinstelling/...

staatsinstelling, want hulle is eintlik die mense wat mense monitor. Nou ek wil vir u net vra, is net staatsinstellings mense

wat ander mense monitor of is u bewus van ander in-stansies of persone wat ander mense monitor? -- Wel, in die eerste instansie toe ons hulle arresteer het hulle gesê hulle is privaatspeurders en privaatspeurders kan ook seker 'n persoon monitor.

Nou op meer as een geleentheid is aan u gestel deur mnr. Pretorius dat u eintlik maar alles gedoen het in opdrag van hoër gesag. Nou kom ons bespiegel vir die oomblik dat hoër gesag hier beteken in die gesag, in die polisie, in die Suid-Afrikaanse Polisie, dan het u reeds u antwoord gegee. U het 'n baie eenvoudige opdrag, ondersoek hierdie moord, maar as hierdie vraag dan nou sou slaan op hoër gesag by die weermag, dan wil ek vir u nou vra, (10) is enige instruksies aan u ooit gegee aan die kant van die weermag òf direk òf deur middel van hoër op in die polisie deur die weermag ten aansien van u ondersoek in die Webster saak. Het u opdragte ontvang van die weermag? -- Geen opdragte van die weermag nie.

U het ook gepraat van generaal Badenhorst. Ek wil net vir u lees wat hy getuig het, bladsy 13.

VOORSITTER: C1.

MNR. VISSER: Ekskuus tog?

VOORSITTER: Van C1.

MNR. VISSER: C1. Ekskuus, ek dink ek lees uit sy getuienis uit, (20) volume 1, ekskuus tog. Dit is volume 1 van die oorkonde en dit is op bladsy 13. Dit word daar gesê dat generaal Badenhorst sou gesê het op 'n vraag, sal u dan asseblief lees van paragraaf 3 op bladsy 2 van die verklaring, dit is C1 en hy lees:

"Nadat/...

K43.0486

- 1164 -

MOSTERT

"Nadat die aanhouding van Ferdie Barnard bekend geraak het is daar in die media bespiegel dat hy 'n lid van Militêre Inligting is of was. Navrae in dié verband is aan die (30) Suid-Afrikaanse Weermag se openbare skakel-offisier gerig.

Hierdie navrae is na my verwys en na ondersoek het ek ontken dat Barnard vir die afdeling Militêre Inligting werk. Mnr. Barnard is of was op geen stadium 'n lid van Militêre Inligting nie. Die Suid-Afrikaanse Weermag het toe 'n persverklaring vrygestel waarin ontken is dat Barnard in diens van die Suid-Afrikaanse Weermag is. Ek is nietemin deur die hoof van die weermag, generaal J.J. Geldenhuys, opdrag gegee om met die Suid-Afrikaanse Polisie te skakel om te hoor of daar enige bewerings ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Weermag gemaak word deur Barnard."

(10)

Kan ek net daar poseer vir 'n oomblik? U het die Kommissie verwys na 'n gesprek wat u met generaal Badenhorst gevoer het. Kan u onthou of die BSB ter sprake was by daardie, u het gesê u het kaarte op die tafel gesit. Was die BSB daar ter sprake gewees? -- Nee.

Ek gaan voort:

"Was daardie opdrag 'n mondelinge of 'n skriftelike opdrag? -- Mondeling voluit."

"Gaan maar voort."

En dan sê generaal Badenhorst:

(20)

"Uit my en generaal Joubert se eerste gesprek het dit duidelik geblyk dat die Suid-Afrikaanse Weermag in gedrang gebring word. Tydens hierdie gesprek is die Suid-Afrikaanse Weermag se volle samewerking aangebied."

Ek wil u net vra is dit u opinie ook, of is dit u opinie dat  
die/...

K43.0546

- 1165 -

MOSTERT

die weermag, by name generaal Badenhorst het geweier om same-werking aan u te verleen? -- Generaal Badenhorst het sy  
same-werking beloof. (30)

U sien, waarom ek hierdie vraag aan u vra, dit is gesug-gereer

aan u dat hy miskien inligting gehad het wat hy geweier het om vir u te gee. Was dit u indruk gewees? -- Nee, my in-druk was dat hy het notas gemaak en my indruk is dat hy wou gaan vasstel het.

Dan was dit aan u gestel gewees of gevra gewees waarom u nie vroeër gedink het aan beslaglegging op dokumente nie en met dank aan my geleerde vriend, mnr. Goosen, dink ek het u reeds die saak in perspektief gestel. Miskien kan ons dit net opsom: Toe u vir Barnard in terme van artikel 40 gaan arresteer het, was daar toe ook 'n deursoeking en 'n beslag-legging? -- Dit is korrek. (10)

So dit was nie teen die einde wanneer hy vrygelaat was nie, dit was reg aan die begin gewees? -- Dit is korrek.

En as ons die punt miskien net kan deurtrek, die beslag-leggings wat plaasgevind het op lasbrief uitgereik deur hierdie Kommissie het u die plekke gaan uitwys aan die Kommissie? -- Ek het die plekke gaan uitwys.

Kan u net sê watter twee plekke, watter plekke u gaan uitwys het? -- Dit is die ... (tussenbei)

VOORSITTER: U kan maar net dit in die algemeen ...?

MNR. VISSER: Net in die algemeen? -- Bronkhorstspruit en die ... (20)  
(tussenbei)

VOORSITTER: Die plek in Pretoria-Wes? -- Ja, ek weet nie wat sy naam is nie.

MNR. VISSER: Pretorius.

VOORSITTER: Ja.

MNR. VISSER:/...

K43.0615

- 1166 -

MOSTERT

MNR. VISSER: Nou u wou netnou iets gesê het van 'n prokureur, in verband met openbaarmaking van inligting oor die vordering, (30)  
wat wou u gesê het? -- Daar was 'n noue skakeling tussen my en die prokureur vir die Webster-trust, Laura Jacobson. Ons het



periodiek bymekaar uitgekom wat ek haar ingelig het oor die vordering en sy my ingelig het oor sekere aspekte.

En het u gedink dit is die regte persoon om dit voor te doen weens die feit dat sy vir die Webster-trust verskyn? -- My plig lê teenoor die familie en die Webster-trust.

Maar kom ons praat net oor 'n ander plig na bewering van 'n, lyk dit vir my, van 'n ondersoekbeampte, dit is nou die plig om aan die publiek inligting te gee, wat is u standpunt daarvoor? -- Die publiek is geregtig op inligting solank dit nie met jou ondersoek inmeng nie.

(10)

Ja en wie moet oordeel daarvoor? -- Die persoon wat die inligting verstrek.

Sal u my 'n oomblik vergun. Net ter opsomming, aan die einde van die dag, is daar enige inligting wat u of u ondersoekspan ontvang het wat u versuim het om na te volg na die beste van julle vermoë? -- Nee.

En is dit ook so dat baie van die inligting wat julle ontvang het, later uitgeskakel is as onbetroubaar? -- Dit is korrek.

En is dit steeds u standpunt dat alhoewel die vordering tans stadig is dat daar nog vordering is met die ondersoek? -- Dit is so. (20)

VOORSITTER: Ek wil net een of twee goedjies vra asseblief? As u net na u verklaring kyk, die eerste verklaring, C20, paragraaf 5.2. Hierdie gaan met die een bron wat u sê op-setlik foutiewe inligting aan u verskaf, onthou u? -- Dit is

ons/...

K43.0705

- 1167 -

MOSTERT

ons vermoede, ja.

Ja, u het gesê dit is 'n vrou wat dit gedoen het. Nou het hierdie dame 'n persoon se naam aan u genoem wat by die moord betrokke was? -- Dit is korrek. (30)

En wie het sy genoem? -- Sy het 'n persoon, 'n privaat-speurder by name Roestoff .... (tussenbei)

Het sy Roestoff genoem? -- Ja.

En Roestoff is dood? -- Hy het selfmoord gepleeg, ja.

Ek sien. Dan het u vir ons vertel van die gefluister in BSB-gange oor moontlike BSB betrokkenheid by die dood van dr. Webster? -- Dit is korrek.

Is dit gebaseer op wat Van Zyl-hulle vir u vertel het dat mnr. Verster hulle ingeroep het en met hulle onderhoude gevoer het? -- Nee, dit is glad nie daarmee nie.

Om navraag te doen? -- Ja, nee-nee, dit het glad nie daarop betrekking nie. (10)

Maar hulle het vir u gesê dat mnr. Verster het hulle ingeroep en ondervra in 'n poging om uit te vind of iemand van hulle betrokke was? -- Presies.

GEEN VERDERE VRAE

VOORSITTER: Mnr. McNally, ek dink ons moet miskien net daardie drie beëdigde verklarings as bewysstukke kry, want ek het nou sonder hulle gewerk. Dit is die Barnard, Botha - die twee Barnards en een Botha beëdigde verklaring. As ons dit net mettertyd as bewysstukke kan kry asseblief. Ons kan hulle C23 tot 25 maak. (20)

CHRISTO BRITS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Die verklaring wat hierdie getuie gemaak het mnr. die Voorsitter is voor die Kommissie en dit sal BEWYSSTUK C26 wees. In paragraaf 1 daarvan

verduidelik/...

K43.0834

- 1168 -

BRITS

verduidelik u dat Christo Brits u administratiewe naam is en u rig 'n versoek waaraan reeds voldoen is nie waar nie. So ons kan begin by paragraaf 2 op bladsy 2 asseblief. Sal u dit voorlees? (30)

-- Goed -

"Ek het aan die einde van 1976 gematrikuleer. Na my skoolloopbaan het ek by die Staande Mag van die Suid-Afrikaanse Weermag aangesluit en ek is sedertdien verbonde aan die Suid-Afrikaanse Weermag."

Sal ek voortgaan?

Asseblief ja, totdat ek u stop. --

"Gedurende ongeveer Februarie 1977 het ek, op versoek van die Suid-Afrikaanse Weermag, 'n lid van die BSB geword.

Voor die daarstelling van Streek 6 was ek die koördineerder van (10)  
ander streke in die BSB. Nadat Streek 6 daargestel is het ek die koördineerder van die betrokke streek geword."

Van watter ander streke was u die koördineerder, kan u net vir ons die nommers gee? -- Ja, dit is streke 7 en 2.

Gaan voort. --

"Weens 'n tekort aan mannekrag en weens die feit dat ek nou betrokke was by sommige van die projekte van die streke waarvan ek, voordat ek na Streek 6 oorgeplaas was, die koördineerder was, is besluit dat ek sodanige projekte steeds sou behartig en het ek die projekte saam met my na Streek 6 geneem as (20)  
projekbestuurder daarvan. Omdat ek toe die koördineerder van Streek 6 was het my hantering van voormelde projekte administratiewe verwar-ring veroorsaak en daar is toe besluit dat hierdie projekte vir administratiewe doeleindes as projekte van Streek 6 hanteer sou word terwyl dit inderdaad nie

projekte/...

K43.0897

- 1169 -

BRITS

projekte van Streek 6 was nie. Die ander lede van Streek 6 was (30)  
nie by hierdie projekte betrokke nie en het trouens geen kennis daarvan gedra nie. Ek sal later in hierdie

verklaring meer volledig met hierdie projekte handel.

As koördineerder van Streek 6 het ek onder bevel van die streekbestuurder daarvan gestaan."

Is dit Staal Burger? -- Dit is heeltemal reg:

"Soos in die geval van meeste van die ander streke van BSB was dit ook Streek 6 se verantwoordelikheid om bewegingsvryheid te bewerkstellig binne die geografiese gebied wat aan hom toegeken is. Hierdie bewegings-vryheid behels geografiese bewegingsvryheid, toegang tot vyandelike netwerke of pyplyne, toegang tot die gasheer-lande waarbinne die vyand (10) gehuisves word en toegang tot verskillende sosiaal-maatskaplike terreine. Streek 6 se geografiese gebied is die binneland van die Republiek van Suid-Afrika. Soos wat die binnelandse geografies ... (tussenbei)

VOORSITTER: Buitelandse. -- Ekskuus:

"Soos wat die buitelandse geografiese streke vanaf hulle eie gebied toegang tot die vyand bewerkstellig, is dit Streek 6 se taak om vanaf die binneland van die Republiek van Suid-Afrika pyplyne na die vyand buite die Republiek van Suid-Afrika te penetreer. Ten einde hierdie doel te bewerkstellig is dit (20) uiteraard nodig om sekere persone binne die Republiek van Suid-Afrika te monitor en deur middel van kennis so ingewin, vyandelike pyplyne na die buiteland te probeer infiltrer.

Die blote feit dat 'n projek geklassifiseer is onder Streek 6 beteken dus nie dat dit noodwendig betrekking het op optrede teen enige

persoon/...

K43.0950

- 1170 -

BRITS

persoon binne die Republiek van Suid-Afrika nie.

Inligting wat op hierdie bladsy ingewin is ... (tussenbei)"

(30)

Hierdie "wyse". --

"Op hierdie wyse ingewin is oor binnelandse bedrywighede wat daarop gerig was om die veiligheid van die staat en sy onderdane te bedreig, is normaalweg onder die Suid-Afrikaanse Polisie se aandag vir optrede gebring.

Dit het egter in uitsonderlike gevalle gebeur dat die wyse waarop sodanige inligting verkry is dit nie moontlik gemaak het om die inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisie vir optrede te oorhandig nie. Dit was byvoorbeeld so wanneer die identiteit van die bron van die inligting nie openbaar gemaak kon word nie. Die openbaarmaking van inligting in so 'n geval sou dan noodwendig meebring dat daar nie op die normale wyse teen sodanige persone opgetree kon word nie. (10)

In sulke uitsonderlike gevalle, waar die vyand se eie optrede dit genoodsaak het, het die BSB, ter goedertrou en ter uitvoering van sy plig om die veiligheid van die Staat en sy onderdane te verseker, dit as noodsaaklik beskou om self teen sodanige persone op te tree.

Ek is deur my regsverteenwoordigers geadviseer dat ek nie verplig kan word om vrae te beantwoord oor aangeleenthede wat my moontlik mag inkrimineer nie. Onder die omstandighede is ek nie bereid om vrae te beantwoord oor die BSB se (20) betrokkenheid by bovermelde uitsonderingsgevalle nie, aangesien die antwoorde op sodanige vrae my moontlik mag inkrimineer. Hierdie beroep op my privi-legie teen self-inkriminasie geld natuurlik nie vir

insidente/...

K43.1005

- 1171 -

BRITS

insidente ten opsigte waarvan BSB se betrokkenheid deur my ontken word nie.

Ek was teenwoordig toe my regsverteenwoordigers met amptenare van die Kommissie samesprekings gehou het. By hierdie geleentheid (30)

het die betrokke amptenare my; deur my regsverteenwoordigers versoek om te handel met sekere aspekte wat spesifiek vermeld is. My regsverteenwoordigers het die Kommissie se amptenare meegedeel dat ek my ook op my privilegie teen self-inkriminasie sal beroep. Onderhewig daaraan sal ek egter poog om na die beste van my vermoë te handel met die aspekte waaroor die amptenaar van die Kommissie inligting verlang het. Ek handel dan vervolgens met sodanige aspekte.

PROJEKTE VAN STREEK 6

Projek Choice:

Projek Choice was die projeknaam vir die indiensneming van mnre. (10)

D.F. du Toit, A. van Zyl, L.A. Maree en C.C.

Botha."

MNR. McNALLY: Dit is D.F. du Toit Burger, naamlik Staal Burger né? -- Dit is reg.

Ja. --

"Projek Todler:

Dit word van die bewustelike lede van BSB verwag om 'n egte beroep te beoefen wat van so 'n aard moet wees dat dit hulle in staat stel om hulle verpligtinge as lede van die BSB na te kom. Op hierdie wyse het meeste lede een of ander (20) besigheid begin en het BSB, in ooreenstemming met BSB se amptelike finansiële plan, die administratiewe koste verbonde aan die vestiging en bedryf van sodanige besigheid vereffen. Projek Todler is die projeknaam  
waaronder/...

K43.1059

- 1172 -

BRITS

waaronder Chappie Maree se besigheid gefinansier is.

Die amptenare van die Kommissie het aan my regsverteenvoorigers 'n lys uitgawes voorsien wat ten opsigte van Projek Todler aangegaan sou gewees het. Die bedrag van R40 200 (30)

daarin vermeld, was goedgekeur vir uitbetaaling dog is nie aangegaan nie en die uitgawe waarvoor dit goedgekeur is en die bedrag is gevolglik nooit uitbetaal nie. Die ander bedrae in die lys vermeld was uitbetaal vir die delging van die registrasiekoste en die maandelikse oorhoofse koste van die besigheid, welke betalings weer eens geskied het onderhewig aan bovermelde finansiële plan."

Kan ons 'n bietjie daar stilstaan asseblief? Sal u asseblief kyk na die kasboek wat ek nou aan u toon en verduidelik wat dit eintlik is? -- Goed, ek sal u bloot verduidelik aangesien ek nie heeltemal seker die ware kennis of my ware gevoel sal kan gee nie, aangesien ek nie self daarmee gewerk het nie. Wat my idee is, is dat wanneer voorskotte uitgereik word, dan die persoon verantwoordelik daarvoor, aan die einde van die dag skryf hy al die pakke voorskotte skryf hy dan per streek, skryf hy in die betrokke streek se kasboek. Skryf hy die projeknaam neer, hy skryf die persoon verantwoordelik vir die verrekening, hy skryf die rekeningnommer neer en hy skryf die bedrag wat getrek is neer.

Wie sou verantwoordelik gewees het vir die opstel van hierdie kasboek? -- Die persoon wat die gelde normaalweg uitreik.

By name? -- Die lid se naam is, mnr. T.W. Kruger, ek dink dit is sy voorletters.

Is dit sy administratiewe naam? -- Nee, dit is sy regte naam/...

K43.1121

- 1173 -

BRITS

naam. Sy regte naam is reeds aan u bekend.

Goed en alhoewel die boek, 'n kasboek genoem word is dit eintlik 'n voorskotregister soos wat 'n mens binne-in sien? -- Ja.

Goed, dit wil ek dan inhandig as BEWYSSTUK 27. Afskrifte daarvan is beskikbaar aan alle belanghebbende partye. Nou uit

(30)

die inligting wat in daardie kasboek verkry is, is rekenaarstate opgestel en dit is eintlik die finansiële inligting wat u in hierdie paragraaf van u verklaring vermeld en daardie rekenaarstate wil ek inhandig as BEWYSSTUK C28. Sal u asseblief deurblaai totdat u by projek Todler uitkom.

Sien u daar dat die bedrag wat na bewering uitbetaal was op daardie projek vir die tydperk 14 April 1989 tot 31 Januarie 1990 R75145,88 was? -- Ja.

Nou u het reeds getuig dat daardie bedrag teenoor die datum 28 Septemer 1989 van R40 200 nie eintlik uitbetaal was nie? -- (10)  
Ja, die bedrag is wel uitbetaal, maar dit is weer terugbetaal.

Ek sien. -- Daar is, hiedie ongelukkig - verskyn daar nie kwitansienommers op hierdie state nie, maar dit is wel terug-betaal.

So die balans wat op daardie projek uitgegee was vir die betrokke tydperk sou dus te staan kom op R34 945,89 en sou dit gebruik gewees het om Chappie Maree se besigheid aan die gang te hou, finansiël gesproke? -- Dit is reg.

Nou wil ek 'n pienk lêer aan u toon. Buite is geskryf Streek 6, né? -- Dit is reg. (20)

En binne vind u sekere sertifikate wat uitgereik is ten opsigte van die verskeie projekte en die inhoud van daardie lêer wil ek inhandig as BEWYSSTUK 29. Om ons te help om hierdie/...

K43.1289 - 1174 - BRITS  
hierdie dokumente te verstaan, sal u asseblief daardeur blaai totdat u by Todler uitkom en dan sal u sertifikate van daar-die projek vind. Dit is gemerk sertifikaat nr. 1, nr. 2 en nr. 3, alhoewel die numeriese volgorde nie dieselfde is as die (30)  
kronologiese volgorde nie. Sal u net vir die Kommissaris verduidelik hoe daar te werk gegaan is met hierdie sertifikate



en die opstel daarvan? -- Goed. Wanneer 'n projek aangebied word en daar is noodwendig dan ook 'n finansiële begroting aan gekoppel word dan die projek in geheel goedgekeur wat dan die begroting insluit en die gegewens op die begroting word dan op die vrystellingssertifikaat van fondse wat ek hier voor my het, word dit daarop aangebring wat die bedrag dan verduidelik. Die persone betrokke wat die bedrag mag trek en dan die persoon wat die voorskotte mag magtig is dan daar heel onder op die vorm en sodanige vorms word dan aan die rekenmeester beskikbaar gestel soos in hierdie pienk omslag en sodra 'n voorskotaanvraag voor sy oë kom, dan blaai hy in die boek en hy kyk of daar magtiging is binne die goedgekeurde begroting vir sodanige voorskot, kyk, gaan ook na of die persoon wat die goedkeur van die trekking verleen se handtekening op is, soos daar 'n proefhandtekening verskyn en die voorskot mag dan ge-trek word indien dit binne die riglyne val.

Kan u die bedrae wat genoem is op die sertifikate in hierdie geval in verband bring met die bedrae wat u op die komperstate sien ten opsigte van dieselfde projek? -- Hoewel, ek wil vir u sê dat hierdie maandelikse bedrae was nie noodwendig altyd dieselfde gewees nie. As u kyk na sertifikaat nommer 2 was dit die bedrag gemagtig per maand, R1 990 wat getrek kon word. Daar is ook op die komperstaat sekere voorbeelde. Ek dink op 26 Julie is daar so 'n bedrag getrek

wat/...

K43.1385

- 1175 -

BRITS

wat die volle bedrag was en daar is ook ander sulke gevalle.

Ja. -- En dit is maar hoe dit - die bedrae was veronderstel om binne die goedgekeurde begroting te val wat op hierdie vrystelling van fondse verskyn.

En as u kyk na sertifikaat nommer 2 tussen die drie sertifikate, dan sal u sien dat goedkeuring vir trekkings deur

(30)

mnr. B. Brummer, streekbestuurder verleen word. Dit is Staal Burger né? -- Dit is heeltemal reg.

Goed, kan ons dan teruggaan na u verklaring asseblief, bladsy 8, paragraaf (c). --

"Projek Tourist:

Dit is nie 'n suiwer Streek 6 projek nie. Dit is 'n oorhoofse projek wat betrekking het op brandstofeise deur lede van al die BSB se streke en die verrekening daarvan. Die projek word so hanteer dat elke streek se eise af-sonderlik aangetoon word."

Ek meen dat ons getuienis gehad het dat daardie projek ook vliegtuigkaartjies kon dek? -- Nee, dit is nie reg nie. (10)

Was dit suiwer brandstofeise? -- Dit is heeltemal reg.

Gaan voort? --

"Projek Cleopatra:

Elke bewustelike lid van die BSB het ook 'n projeknaam gehad waaronder hulle as lede van die BSB in die uit-oefening van hulle pligte gefunksioneer het. Projek Cleopatra was die naam van die projek waaronder Calla Botha gefunksioneer het.

Projek Goldie:

Dit was die naam van die projek waaronder Slang van Zyl gefunksioneer het. (20)

Projek Bliss:

Projek/...

K43.1467

- 1176 -

BRITS

Projek Bliss was die projek waaronder Slang van Zyl se besigheid, op die wyse soos voormeld, gefinansier was.

Projek Hilton:

Dit was die projek waaronder Calla Botha se besigheid soos voormeld gefinansier was. (30)

Projek Maxie:

Dit is die naam wat toegeken is aan 'n projek van Staal Burger.

Inligting is ingewing wat gelei het tot 'n persoon deur wie se bemiddeling weer skakeling bewerk-stellig is met 'n persoon in 'n Afrika-staat. Laasge-noemde persoon het inligting aan BSB verskaf met betrek-king tot vyandelike bedrywighede teen die Republiek van Suid-Afrika in die betrokke land. Openbaarmaking van die identiteit van die betrokke persoon sal uit die aard van die saak vir hulle lewensgevaarlik wees."

As u kyk na die komperstate sal u sien dat daar een trekking (10) teen daardie projek was in 'n bedrag van R3 000. Sal u dit net bevestig? -- Laat ek net kyk waar is dit.

Dit is die bladsy wat volg op die Todler bladsy. -- O, goed.  
-- Ja.

Is dit reg? -- Ja.

Op 5 Mei 1989 né? -- Ek sien.

Gaan voort. --

Projek Patriotic:

Dit was die naam van die projek waaronder Staal Burgers se besigheid op voormelde wyse gefinansier is. Ook in hierdie geval is (20) 'n lys van uitgawes aan ons beskikbaar gestel wat onder die projeknaam verskyn. Die bedrag van R12 336,96 daarin vermeld was bestee vir die aankoop van meubels vir die kantoor waaronder hy sy besigheid bedryf

het/...

K43.1529

- 1177 -

BRITS

het. Die meubels bly ingevolge die bepallings van die BSB se finansiële plan bates van die BSB. Inderdaad word die meubels as bates van BSB in sy rekords aange-toon. Ter (30) staving hiervan heg ek hierby aan 'n afskrif van 'n rekenaaruitdruk waarin die meubels aangetoon word as bylae

1."

Ja, ek dink toe ons u verklaring onder die ander regslui versprei het, was bylae 1 nog nie beskikbaar nie, maar dit is nou wel beskikbaar en dit is so dat dit besonderhede gee van verskeie meubels wat aangekoop was, blykbaar op, ek dink 22 Augustus 1989.

-- Ja.

Nou as u kyk na die komperstaat ten opsigte van Projek Patriotic is dit reg dat 'n bedrag daaraan bestee in die be-trokke tydperk wat op die staat genoem word op R21 929,28 te staan kom?

-- Dit is reg.

(10)

Gaan voort met Projek Imperial. --

Projek Imperial:

Dit was 'n projek vir die inwin van inligting in 'n Afrika-staat.

Die uitgawes wat onder die projek aange-toon word, was betalings vir 'n groeppersone wat in die betrokke staat inligting vir die BSB ingewin het. Die identiteit van die groep persone, die wyse waarop hulle te werk gegaan het en die land waarin hulle inligting ingewin het, kan nie bekend gemaak word nie, aangesien dit vir sodanige persone

lewensgevaarlik sal wees. Die betrokke persone was nie bewus daarvan dat hulle vir BSB die inligting ingewin het nie. (20)

Die projek het oor 'n geruime tydperk verloop soos blyk uit die datums van die betalings op die lys wat die amptenare van die Kommissie tot ons beskikking gestel het."

En/...

K43.1604

- 1178 -

BRITS

En as u kyk na die komperstaat ten opsigte van daardie projek, is dit korrek dat die betrokke bedrae, as 'n mens dit saamneem te staan kom op R62 172? -- Dit is reg.

(30)

Goed, Projek Onus? --

"Dit was die projeknaam waaronder Chappie Maree gefunk-

sioneer het.

Projek Maagd:

'n Persoon wat aanvanklik onbewustelik namens BSB opgetree het en 'n vriend sou as verwagting 'n besigheid in 'n Afrika-staat gaan bedryf. Hulle sou hulle vir die doel in die betrokke land gaan vestig. Hy sou dan vandaar inligting vir die BSB oor vyandelike bedrywig-hede teen die Republiek van Suid-Afrika in die betrokke land inwin. Intussen het die lid binne in die Republiek van Suid-Afrika 'n ander besigheid gevestig, wat met die besigheid in die ander land sake sou doen. Op hierdie wyse sou dit aan hom bewegingsvryheid gee (10) tussen die Republiek van Suid-Afrika en die betrokke land.

Die kostes in die lys wat aan ons beskikbaar gestel is onder dié projek is aangegaan vir die finansiering van hierdie besigheid. Die naam van hierdie persoon of sy vriend en die naam van die land waarin hulle sou gaan woon kan om klaarblyklike redes ook nie bekend gemaak word nie."

En die totale komperstaat bedrag in hierdie geval is R14 199, nie waar nie? -- Dit is reg, ja.

Goed, Projek Visarend? --

"Dit was 'n projek van een van die ander streke van BSB. Die projek (20) hou verband met die verstiging van 'n persoon wat as onbewustelike lid gewerf is in 'n Afrika-land. Hy was wel bewus daarvan dat hy namens 'n veiligheidsmag van die/...

K43.1674

- 1179 -

BRITS

die Republiek van Suid-Afrika optree, dog nie dat hy inligting spesifiek vir BSB sou inwin nie. Die persoon is inderdaad in die betrokke land gevestig en die uit-gawes aangegaan was om hom in staat te stel om 'n besigheid in die betrokke land (30) te vestig."

En die bedrae wat genoem word in die komperstaat kom te staan op R60 481,50. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Goed Projek Soundbox? --

"Dit was 'n oorhoofse projek waaronder BSB se alledaagse logistieke aangeleenthede hanteer is."

Daar is net 'n klein bedrag daar betrokke, R400 volgens die komperstaat, né? -- Ja, vir Streek 6 met ander woorde.

Paragraaf 10 van u verklaring: --

"PROJEKTE WAT NIE STREEK 6 PROJEKTE WAS NIE, DOG WEENS

ADMINISTRATIEWE OORWEGINGS ONDER STREEK 6 AANGEDUI WORD.

(10)

Die projekte waarmee ek in hierdie paragraaf handel val nie binne die raamwerk van die Kommissie se ondersoek nie aangesien dit suiwer betrekking het op BSB se buitelandse bedrywigheide.

Die inligting wat op hierop betrekking het is inligting wat ingevolge die Wet op Beveiliging van Inligting beveilig word en ek het geen magtiging ontvang om sodanige inligting te openbaar nie. Onderhewig aan hierdie beperking handel ek so volledig as wat die om-standighede dit vir my moontlik maak met sodanige pro-jekte.

Projek Deplore:

(20)

Dit was een van die buitelandse projekte wat ek behartig het voordat ek as Streek 6 se koördineerder aangestel is. Die lid wat hierby betrokke is was 'n burger van 'n sekere Afrika-staat en het sakebelange aldaar gehad.

Hierdie/...

K43.1736

- 1180 -

BRITS

Hierdie sakebelange het meegebring dat hy gereelde sake-besoeke aan die Republiek van Suid-Afrika moes bring wat hom 'n ideale persoon gemaak het om pyplyne te infiltrateer en bewegingsvryheid vir die BSB in die betrokke land te bewerkstellig.

(30)

Hy was by geen bedrywighede van die BSB binne die Republiek van Suid-Afrika betrokke nie. Die openbaar-making van sy identiteit en die land van sy herkoms sal vir hom gevaar inhou en kan ook nadelige gevolge vir die Republiek van Suid-Afrika meebring.

Hierdie projek het ek alreeds sedert die stigting van die BSB behartig en dit hou nie verband met enige optrede van die BSB binne die Republiek van Suid-Afrika nie."

En as 'n mens kyk na die komperstaat is die bedrag wat daar betrokke is R13 515,98? -- Dit is heeltemal reg, ja.

(10)

Goed, die volgende een? --

"Projek Colbyn:

Dit was eweneens 'n projek wat ek behartig het voordat ek as koördineerder van Streek 6 aangestel is. Onder die projek is gebruik gemaak van die dienste van 'n onbewustelike lid van die BSB. Hy is ook 'n burger van 'n Afrika-staat buite die Republiek van Suid-Afrika wat gereeld sakebesoeke hier aflê. Soos in die vorige geval is van sy dienste gebruik gemaak sonder dat hy van die BSB bewus was. Om dié rede kan sy identiteit ook nie geopenbaar word nie. Ook sy (20) betrokkenheid by die BSB hou geensins verband met die BSB se bedrywighede binne die Republiek van Suid-Afrika nie."

En dié komperstaatbedrag wat daar betrokke is, is dit R22 206,63? -- Dit is heeltemal reg.

En/...

K43.1797

- 1181 -

BRITS

En Projek Crawler? --

"Dit was 'n projek vir die daarstelling van 'n veilige toevlug vir politieke voortvlugtendes wat die Republiek van Suid-Afrika goedgesind was. Sodanige voortvlugtendes is dan weer (30) aangewend om kanale te infiltrer en informasie namens die

BSB in te win.

Ook in hierdie geval is 'n lys van bedrae wat onder die projek bestee is aan ons beskikbaar gestel. Volgens die datums van sodanige uitbetalings kan duidelik gesien word dat die projek lank reeds aan die gang is en dat dit hoë bedryfsuitgawes behels het. Sodanige hoë uitgawes hou verband met die instandhouding van die toevlugsoord en die toerusting wat aldaar geïnstalleer is. Die oord is met moderne en uiters gesofistikeerde kommunikasie-toerusting toegerus."

(10)

Die totale bedrag is hoog, naamlik R265 014,38 né? -- Dit is korrek.

En die volgende een Projek Direksie 4? --

"Daar was nie werklik 'n projek bekend as Direksie 4 nie, alhoewel daar inskrywings in BSB se rekords bestaan tot daardie strekking. Daar het wel 'n projek bekend as Projek Direksie bestaan. Dit is 'n projek waardeur regs-kostes wat spruit uit optrede deur bewustelike en onbewustelike lede van die BSB in ander lande hanteer word.

Omdat sulke bestedings betrekking het op verskillende aangeleenthede het ek bloot om praktiese rede die Projek Direksie in onder-afdelings verdeel. Sodanige verdeling in onder-afdelings het die administratiewe hantering van sodanige bestedings vergemaklik. Direksie 4 is een van die onder-afdelings van Projek Direksie.

(20)

Die/...

K43.1873

- 1182 -

BRITS

Die projek insluitende al die onder-afdelings daarvan, het slegs betrekking op buitelandse optredes deur lede van die BSB.

(30)

Dit is ook een van die projekte wat ek reeds voor die stigting van Streek 6 hanteer het en steeds hanteer en is gevolglik



nie 'n Streek 6 projek nie."

Sal u asseblief kyk na die komperstaat en die bedrae daar betrokke is ook hoog. Dit kom te staan op R456 432,59 nie waar nie? -- Dit is korrek.

As u kyk na die pienk lêer, BEWYSSTUK C29, wat sien u daar op die sertifikaat wat betrokke is by hierdie, wat verband hou met hierdie projek? -- Ek sien dat daar na 'n aanhangsel verwys word waar daar 'n bedrag goedgekeur is.

Hoeveel is dié bedrag? -- Dit is R5 386 804,37.

En is dit deur die voorsitter self goedgekeur? -- Dit is deur die voorsitter, dit is deur die vorige voorsitter, generaal Joubert goedgekeur. (10)

Op welke datum? -- Dit is reg, op daardie datum.

Watter datum is dit? -- 10 Junie 1988.

En die volgende een, Projek Flee? --

"Dit is 'n afsonderlike projek wat voortgespruit het uit die Projek Direksie. Die projek het ten doel gehad om 'n onbewustelike lid van die BSB wat vanweë sy optrede namens BSB in die buiteland in lewensgevaar verkeer het, van 'n nuwe identiteit en ander verblyf te voorsien. Onder sy nuwe identiteit het hy steeds diens aan die BSB bly lewer. Die optrede waarby hy betrokke was het buitelands plaasgevind alwaar hy hom steeds bevind." (20)

Mnr. die Voorsitter mag ons asseblief handel met die getuiese probleem wat hy noem hier aan die begin van

paragraaf 10/...

K43.1968

- 1183 -

BRITS

paragraaf 10, naamlik dat die inligting oor hierdie projekte genoem in paragraaf 10, nog onder die beveiliging van die Wet op Beveiliging van Inligting resorteer. Ek sou voorstel dat u gelas dat die name van hierdie projekte en die name van die agente wat (30)

blyk uit die komperstate en die kasboekregister nie gepubliseer moet word nie.

VOORSITTER: Praat u nou van die - ek is nou nie seker wat mag nie gepubliseer word nie?

MNR. McNALLY: In verband met paragraaf 10 spreek die getuie die probleem uit dat hierdie projekte, buitelandse projekte is en dat hy nie die nodige magtiging het om die inligting daarvan te verstrek nie. Ek sou voorstel dat u sou gelas dat die name van die projekte wat betrokke is in paragraaf 10 en die name van die agente wat daarby betrokke was soos blyk uit die komperstate en die kasboek (10) nie publiseer word nie.

VOORSITTER: Is dit skuilname wat in die komperstate voorkom?

MNR. McNALLY: Administratiewe name, ja.

VOORSITTER: Ek sal dan voorlopig gelas dat die name van die projekte in paragraaf 10 en die agente daarby betrokke, nie gepubliseer mag word nie.

MNR. McNALLY: Dan kom ons by paragraaf 11 mnr. Brits, sal u voortgaan daarmee? --

"Die projekte waarmee ek onder paragraaf 8 hierbo gehandel het, was die enigste projekte waarby Streek 6 betrokke was. Nie (20) elke optrede van lede van BSB het 'n afsonderlike projeknaam gekry nie, dog is normaalweg onder die betrokke lid se funksionele projeknaam hanteer.

Ek is deur amptenare van die Kommissie versoek om te handel met BSB se betrokkenheid by die Webster-moord. Die BSB was nie by Webster se dood betrokke nie. Indien

dit/...

K43.2078

- 1184 -

BRITS

dit 'n projek van Streek 6 was, sou ek daarvan kennis gedra het. (30)  
Die amptenare van die Kommissie het ook aan ons 'n dag-boek wat in die BSB se kantore gevind is getoon en ver-soek dat ons

vermeld wie se dagboek dit is. Dit is my dagboek."

Kan ons 'n bietjie daarby stilhou. Ek gee vir u die dagboek self sodat u kan handel met die vrae wat ek daarvoor wil stel.

Ek het 'n paar bladsye laat kopieer mnr. die Voor-sitter. Ek gee vir u 'n afskrif daarvan.

VOORSITTER: C30.

MNR. McNALLY: C30. Dit is nie versprei onder die regsplanne tot dusver nie, maar regsplanne wat belang gestel het, het reeds, wat belangstelling getoon het, het reeds insae in hierdie betrokke bladsye gehad. Ek begin by die datum 7 Februarie, sal u net lees wat daar staan. Lees dit net vir die Kommissie asseblief? -- (10)  
Van bo af?

Asseblief? --

"Shaun reël kamer vir môre. Kry ID van Jeff. Moeder-maatskappy vir Bert kry (kontrak). ECC detail, waar-vandaan en Riaan vir Jack."

Dit is wat daar staan.

Die Bert wat daar genoem word is dit Staal Burger? -- Dit is heeltemal reg.

En waarvoor staan die letter ECC? -- End Conscription Campaigne. (20)

Wil u vir die Kommissie vertel hoekom daar 'n nota is teenoor 9h30 in verband met die ECC? -- Wel ek praat suiwer wat my geheue vir my voorhou en dit is dat, ek kan dink dat dit - een van die lede van die streek na my toe gekom het met

detail/...

K43.2196

- 1185 -

BRITS

detail van 'n betrokke lid en ek het moontlik daar ingeskryf dat ek wou vasgestel het waar dit vandaan kom. Waar moet ek - ek wou met ander woorde die detail nagegaan het vir juistheid of korrektheid. (30)

Het die BSB belanggestel in die aktiwiteite van die End  
Conscription Campaigne? -- Onder andere.

Kan ons dan blaai asseblief tot die inskrywings op 9 Mei 1989.  
Nou wat is daardie heel boonste inskrywing? -- Dit is 'n afkorting  
vir aanbieding.

So dit is "Aanbieding Marius - Christo vandag." -- Ja.

Ek neem al hierdie inskrywings waarna ons kyk is in u handskrif  
nie waar nie? -- Dit is heeltemal reg.

U moet asseblief sê as dit in iemand anders se handskrif is?  
-- Goed.

En dan teenoor 13h00. Dit beteken dat daar sou 'n afspraak (10)  
met Streek 6 plaasgevind het. Ongelukkig het ek altyd net dit  
geskryf. Dit was nie noodwendig vir Staal Burger se streek nie.  
Dit was moontlik ook vir 'n ander aktiwiteit van my.

En onder die hofie "Things to do." Wat staan daar? -- Daar  
staan "Voorstudie op prioriteit teikens" en dan "Kon-ferensie  
môre."

En dan heel onder aan die bladsy die notas? -- Daar staan  
Andries - Omar en Swapo. Deon - staan daar 'n twee en dan Bruce  
White, Stefan, staan daar Evans, Bert staan daar 'n naam wat ek  
nie meer kan herken nie, wat ek nie kan - ek kan nie my eie skrif (20)  
eien daar nie.

Nou Andries is Slang van Zyl, né? -- Dit is reg.

En wat is die betekenis van hierdie nota ten opsigte van Omar  
- Swapo? -- Ek kan dink dat die betrokke lede op daardie  
stadium/...

K43.2299

- 1186 -

BRITS

stadium met die mense besig was.

In die sin van monitering of in watter sin? -- Ja, die sin  
van inligting inwin. (30)

Hoekom sou u 'n nota daarvan gemaak het in u dagboek van

daardie dag? -- Ek dink dit was bloot om vir myself die betrokke persone, betrokke by sekere lede wat hulle moniteer om myself net op hoogte te hou van waarmee hulle besig is vir terugverwysing.

Hou hierdie notas enige verband met die nota in die middel van die bladsy wat praat van 'n voorstudie of prio-riteitsteikens? -- Nee, ek sal dit nie sê nie. Dit kan, ongelukkig laat my geheue my in die steek. Ek wil net sê dit kan ook wees dat dit gaan oor hierdie buitelandse projekte, dat ek daarna spesifiek verwys het.

En as ons kyk weer na die notas dan kom ons by die tweede een, Deon - 2/Bruce White. Kan u ons inlig daaroor? -- Dit is  
(10)  
heeltemal reg, ja.

Lig ons dan in asseblief, waarom gaan dit? -- Die 2/ dink ek het te doen met Streek 2 aangeleenthede wat ek ver-kieslik nie die land aan u wil noem nie, dat hy moontlik daar 'n betrokkenheid sou gehad het en dan Bruce White wat hy dan op daardie stadium gemoniteer het.

Wie is Deon? -- Dit is Calla Botha.

So wat sou Calla Botha se betrokkenheid met Bruce White gewees het volgens u geheue uit u notas? -- Suiwer om vir ons inligting in te win en dit dan te vergelyk as ons reeds inlig-ting van hom  
(20)  
het. Om bloot die inligting na te gaan en te verwerk vir opdatering en dies meer.

En dan die derde inskrywing Stefan - Evans? -- Evans - Stefan, dit is wat is sy naam - dit is Chappie Maree en dan  
ook/...

K43.2410

- 1187 -

BRITS

ook soortgelyk wat Evans aanbetref soos ek reeds aan u genoem het van die vorige lede.

En dan Bert - dit is weer Staal Burger en hy sou betrokke  
(30)  
gewees het met iemand se naam wat u nie kan lees nie? -- Dit is reg, ja.

Dan blaai ons weer tot by 2 Junie asseblief. Ons stel veral belang in die eerste twee reëls daar. -- Kry Goldie en Maxie en daardie tweede inskrywing was Makarov-koeëls.

Nou waaroor gaan dit? -- Die Makarov-koeëls was vir 'n spesifieke projek Deplore gewees wat, waar 'n wapen voorsien is aan 'n agent in 'n betrokke Afrika-staat. Ek kan dit spesifiek onthou.

So hou die tweede reël nie verband met die eerste reël nie? -- Nee, nie noodwendig nie.

Wat is die betekenis van die woorde kry Goldie, Maxie? -- (10)  
Dit kan moontlik wees dat ek die lêers wou gekry het en dat ek dit die vorige dag miskien hier geskryf het om my te onthou om dit te kry.

Dan teen 14h00 op dieselfde bladsy, wat staan daar? -- Aanbieding Streek 6 aan voorsitter. Ek kan ongelukkig nie so lank terug onthou oor wat daardie spesifieke aanbieding was nie, maar dit is waar iets aangebied was aan die voorsitter.

Goed, dan blaai ons weer tot by 1 Augustus asseblief? Wat staan daar onder die opskrif: "Things to do." -- Bert moet Grosskopf jaag en sy ondersteuners laat omval. (20)

Omval? -- Ja.

Nie aanval nie? -- Ek is nou nie seker nie.

U lees dit as "omval"? -- Ek lees dit as "omval", maar ek sien nou dat dit kan moontlik ook 'n "aanval" wees.

VOORSITTER: Dan is dit eerder omval.

MNR. McNALLY: /...

K43.2545

- 1188 -

BRITS

MNR. McNALLY: En dan is daar 'n strepie onder en die naam G. Evans.

-- Dit is reg.

Hou die verwysing na Evans verband met dit wat bo staan? -- (30)  
Nee, geensins nie.

Kan u asseblief daardie twee inskrywings dan verduidelik asseblief, wat is die betekenis daarvan? -- As my geheue my weer eens nie in die steek laat nie, dan gaan dit na aanleiding van 'n bomontploffing in Krugersdorp en toe met die persberigte en die verwysing na Grosskopf wat moontlik 'n aandeel gehad het.

Is dit nou Hein Grosskopf? -- Ja en daar het toe 'n spesifieke opdrag gekom dat Staal Burger sal konsentreer om te kyk of hy nie nader aan hom kan kom nie en dan ook kyk wat sy ondersteuners aanbetref en dan Gavin Evans was glad nie in daardie verband gesien nie. Ek dink nie 'n mens kan dit sê nie.

(10)

Waaroor gaan hierdie inskrywing oor G. Evans? -- Kyk ek het hierdie opdrag, hierdie notas gemaak omdat ek toe met die lede van die streek sou gaan gesels het en dit was bloot een, twee afsonderlike of verskillende punte wat ek aan hulle wou oordra.

Die Evans sou moontlik vir my net herinner het daar-aan om vir die betrokke lid daarvoor verantwoordelik om met hom te gesels en te vra wat hy sover uitgerig het, of hy meer gekry het wat inligting betref.

Dan blaai ons asseblief tot 24 Augustus 1989, heelbo aan die bladsy, is dit korrek dat u geskryf het: "Hou dag oop vir inhuus Streek"? -- Ja, dit is reg.

(20)

Kan u onthou waarom daardie inhuus gegaan het? -- Ek probeer nou na die vorige bladsy kyk, maar ek sien nie iets wat my herinner aan of my gedagtes prikkel in daardie opsig

nie/...

K43.2656

- 1189 -

BRITS

nie.

En dan so in die middel van die bladsy is daar 'n "Let wel", 'n nota bene (N.B.) Jack praat môre met voorsitter oor Evans. -- Dit is korrek.

(30)

Nou Jack, verwys u daar na Joe Verster? -- Dit is heeltemal

reg.

MNR. (ONBEKEND): Mag ek net hier tussenbeide kom met u verloff asseblief? Daar is nou al verskeie kere vrae gevra oor Evans, inskrywings wat verband hou met Evans. Ek het sover nie beswaar gemaak nie, maar ek voel dat ek dalk deur nie beswaar te maak nie die aanduiding kan gee, die getuie te laat antwoord die aanduiding te gee dat hy afstand doen van sy privilegie. Dit blyk later in die verklaring dat hy vir homself die reg van privilegie teen selfinkriminasie ten opsigte van Evans voorbehou.

VOORSITTER: Ja, ek weet nie of hy homself inkrimineer op die oomblik nie. (10)

MNR. (ONBEKEND): Ek wil net nie graag die indruk skep dat ons afstand doen deurdat hy nou van Evans praat nie mnr. die Voor-sitter.

VOORSITTER: Ja.

MNR. McNALLY: Dan blaai ons tot 29 Augustus asseblief? -- 29 Augustus?

Ja, ons stel belang in die heel eerste inskrywing wat lui: "Kry limpet" as ek reg lees.-- Dit is reg.

Is dit 'n "limpet-myn"? -- Dit is reg.

En waaroor gaan daardie inskrywing? -- Ek kan nou onge-lukkig nie so, ook weer eens nie so lank terug onthou nie. Ek kan net dink dat dit moontlik een van die projekte. Moontlik een van die buitelandse projekte was. (20)

Hou/...

K43.2741

- 1190 -

BRITS

Hou dit enigsins verband met die ontploffing in Athlone twee dae later? -- Ek dink daardie vraag sal ons op hierdie stadium inkrimineer.

Dan wil ek u vra oor sekere bladsy wat gedeeltelik of heeltemal weg is uit u dagboek, sal u bevestig asseblief dat dele uitgesny (30)



is rondom 31 Augustus, watter datum is dit wat u in u linkerhand het? -- Ek sien nou hier is nie 'n datum aan gekoppel nie.

Watter datum sou dit wees volgens die kronologie? -- Dit sou 31 Augustus gewees het, ja.

So is die boonste deel van 31 Augustus se dagblad verwyder?-- Ja, ek het dit uitgeknip. Wat baie keer gebeur is dat daar was notas gemaak wat dan op lêer geplaas word en as daar nou nie ander papier of papier beiderhand is nie, dan word dit net uitgeknip en dit word so op lêer geplaas vir latere terugverwysing of as ander mense daarop insae moet hê dan is dit nie heeltyd in my besit nie, dan verskyn dit op 'n lêer en ek kan net moontlik dink dat dieselfde gebeur het, met as daar dan bladsye uit is dat ek daardie bladsye spesifiek uitgeskeur het om op lêer aan te bring. (10)

Nou is dit korrek dat bladsye vanaf 31 Augustus tot en met 4 Augustus uitgeskeur is?-- Ja, dit wil so voorkom, ja.

VOORSITTER: Dit is watse dae. Dit is met ander woorde, dit sal 1 September wees, want die 31ste is uitgesny? -- Ja.

1 September tot ...?

MNR. McNALLY: Tot en met 4 September. Begin die dagboek weer op 5 September? -- Ja. (20)

En dan is dit ook korrek dat die datum se dagblaai van 12 en 13 September ook weg is? -- Ja, dit lyk ook so.

Het u 'n verduideliking daarvoor of is dit dieselfde? --

Ek/...

K43.2872

- 1191 -

BRITS

Ek dink dit kan net weer dieselfde wees. Ek het dit verskeie kere gedoen dat ek blaai uitskeur en dan op lêer plaas.

Goed, kan ons voortgaan met paragraaf 14 van u verklaring asseblief? --

"Ek is ook versoek om inligting te verstrek met betrekking tot die projeklêers van Streek 6 se projekte. Ek het die lêers (30)

laas in die registrasiekantore van BSB gesien en ek weet nie waardie lêers tans is en wie verantwoordelik was vir die verwydering daarvan nie."

Kan ons 'n bietjie daar stilstaan? Wanneer het u die projeklêers waarin die Kommissie belang dra laas in die regi-strasiekantore gesien? -- Dit was hier in die omgewing van middel Januarie gewees as ek reg onthou, gedurende Januarie-maand.

Dit is Januarie 1990?-- Ja, 1990.

En wie was in beheer van die registrasiekantore van BSB? -- Daar is 'n persoon wat, sy naam is Braam Celliers, hy was (10) verantwoordelik vir die - vir waar ek laas die lêers ge-sien het.

Wat is sy amptelike posisie in die organisasie? -- Hy is die administratiewe bestuurder.

En waar kom Petro Viljoen in die prentjie? -- Sy sit by die ander kantoor waar die lêers oornag of die lêers dan nou altyd in veilige bewaring is. Dit is by die Spesmagte Hoof-kantoor en die registrasiekantoor waarvan ek praat is by die ander kantoor.

Ja, nou word die projeklêers in tasse gehou?-- Dit is heeltemal reg.

Hoe werk die stelsel van liassering in die verskeie tasse? (20)  
-- Elke streek het òf een òf twee tasse en per streek  
word/...

K43.2993 - 1192 - BRITS  
word jou, as jy jou lêers aanvra word dit in daardie betrokke tas geplaas vanuit die kluis en dit word dan verskaf aan die lid wat dit aanvra.

Hoeveel tasse sou betrokke gewees het by die projeklêers van Streek 6? -- Praat u van die binnelanse lêers?

Ja. -- Omtrent een tas. (30)

En word daardie tas in 'n kluis gehou? --Ja.

En wie hou die sleutels van die kluis? -- Die sleutels van

die kluis is, indien dit bo by die Spesmagte kantore is dan is die sleutel in besit van die dame wat daar werk. Ek is nie bewus van enige ander mense wat die sleutel het nie. Daar mag moontlik nog mense die sleutel hê, ek is nie bewus daarvan nie en sodra die lêers moet oornag by die ander kantoor om een of ander rede dan sou Braam Celliers die sleutel gehad het en moontlik ook ander mense.

Het hierdie tasse slotte?-- Hulle het kombinasieslotte.

En wie het die kombinasienommers geken? -- Die lede wat altyd die tasse aangevra het. Soos die koördineerder in die meeste opsigte, die persoon wat by die kantoor mag kom wat skakel met die mense in sy streek wat nie daar kom nie. Hy vra die lêers aan en hy kyk daarna en hy wys dit moontlik vir hulle op 'n geleentheid. (10)

So in die geval van Streek 6, binnelandse projeklêers sou u die kombinasienommers geken het? -- Ja.

En sou iemand anders dit ook geken het òf sou u die enigste persoon wees wat daardie tas kon oopsluit? -- Nee, ek sal die enigste ou kan wees.

Ek het 'n beëdigde verklaring hier van Petro Viljoen wat ek aan u wil voorlees en ek wil dit inhandig ook as BEWYSSTUK C31. Die oorspronklike verklaring is geteken met die getuie (20)

se/...

K43.3136

- 1193 -

BRITS

se werklike name wat sy nie wil openbaar nie, maar wat ek in-handig vir insae deur die verskeie regspanne. Dit is 'n af-skrif wat nie geteken is nie, maar wat presies dieselfde be-woord is as die oorspronklike. Ek lees dit aan u voor mnr. Brits en wat ek van u verlang is dat u daarna luister en vir die Kommissaris sê of sy die posisie korrek hier uiteensit. (30)

"1.Petro Viljoen is my administratiewe naam as lid van die BSB.

My ware naam verskyn op die oorspronklike van hierdie

verklaring wat aan die Voorsitter oor-handig sal word.

Ek versoek u dat my ware identi-teit nie geopenbaar word nie en dat geen foto's of sketse van my gepubliseer word nie.

2.Ek is op 'n halfdagse grondslag en in 'n blote ad-ministratiewe hoedanigheid in diens van die BSB.

3.Voor die aankondiging van die Kommissie was dit een van my pligte op projeklêers te hanteer. Die han-tering van lêers en die liassing daarvan en weglê van dokumente daarin behels. Daarbenewens het ek ook die verrekening van die finansies ten opsigte van projekte behartig en vir daardie doel het ek insae tot die finansiële lêers gehad. (10)

4.Wanneer streke lêers aangevra het, moes ek die lêers trek en na 'n ander kantoor van die BSB neem waar ek dit aan Braam Celliers, die administratiewe bestuurder, van die BSB oorhandig het. Daarna het ek na die kantore waar ek werksaam was teruggekeer.

5.Die koördineerder van die streek wat die lêers aan-gevra het moes dit dan by hom afhaal en vir ontvangs daarvan teken. Nadat die lêers deur Braam Celliers terugontvang is moes ek dit weer gaan haal en liasseer/... (20)

K43.3264

- 1194 -

BRITS

liasseer.

6.Na die aankondiging van die Kommissie het Braam my versoek om die sleutels van die kluis waarin die lêers geliasseer was aan hom te oorhandig. Daarna het ek nooit weer toegang tot die kluis gehad nie. Ek weet nie eers of die lêers uit die kluis verwyder is en indien wel waar dit tans is nie. Ek was ook nie teenwoordig toe amptenare van die Kommissie toegang tot die kluis verkry het nie." (30)

Wat die stelsel aanbetref, bevestig u dat dit die stelsel is wat gevolg was? -- Ja, voor die, wat sy daar sê voor die Kommissie, was dit die stelsel wat jare lank gevolg is.

En bevestig u datna die aanstelling van die Kommissie daar besluit was om die prosedure te verander? -- Ja, daar was, daar was 'n - die hele lêersopset het verander in die sin dat die dame het nie meer toegang gehad nie. Sy was nie meer verantwoordelik gehou nie.

Nou wie se besluit was dit gewees? -- As ek reg onthou was dit die besturende direkteur se besluit.

(10)

Is dit nou Joe Verster se besluit? -- Dit is reg.

Het u deelgeneem aan daardie besluitnemin? -- Negatief.

Maar u was net bewus van die verandering in die stelsel? -- Ek was bewus van 'n verandering.

Om welke rede het die stelsel verander? -- Ek weet nie. Daar was woorde geuiter van ons moet beter beheer kry oor ons lêers en elke betrokke streekbestuurder moet sorg dat hy beter beheer oor sy lêers het. Dit is maar wat ek gehoor het.

So die doel was om vir u beter beheer te gee van u lêers van Streek 6? -- Ek dink dit was die geval, ja.

(20)

En toe hierdie nuwe prosedure in werking gebring was, was die/...

K43.3425

- 1195 -

BRITS

die projeklêers in die kluis waar dit normaalweg moes gewees het daarby mev. Viljoen?-- Ek weet nie. Ek het in my aanwending in BSB het ek nooit daarbo gekom nie omdat dit my direk sou koppel aan die Suid-Afrikaanse Weermag, so ek het nooit daarbo gekom nie.

Ek onthou van vroeër jare hoe dit daar gelyk het, maar ek het glad nie daar gekom nie.

(30)

Watter stappe het u geneem om die verbeterde beheer oor u lêers uit te oefen? -- Die lêers was aangevra en dit was by die

ander kantoor gehou en dit was daar vir 'n geruime tyd waar ek dit so af en toe gesien het en ek het nie die sleutel daarvan gehad nie.

Waar u praat van die ander kantoor praat u van Braam se kantore? -- Ja, waar hy was.

En sou hy dit dan in 'n kluis gesit het in daardie kantore? -- Ek weet nie wie verantwoordelik was vir die sleutel nie, maar ek weet dit was daar in 'n kluis gewees in mnr. Verster se kantoor, was dit in 'n kluis gewees.

In Braam se kantoor of in mnr. Verster se kantoor? -- Dit is op dieselfde standplaas, maar dit is nou 'n ander persoon se kantoor. (10)

Maar beweer u dat u streek se lêers dan in mnr. Verster se kluis gehou was? -- Wat ek sê is ek het dit laas daar gesien.

Ek het die tas daar gesien en ek weet nie, ek het vinnig gekyk na iets op die lêer so, dit was Streek 6 se lêer en dit is waar ek dit laas gesien het.

VOORSITTER: Nou wanneer het u gesê het u dit laas gesien? -- Dit is hier in die middel Januarie.

Maar u sien die Kommissie is eers einde Januarie aangekondig? -- Ja, ek dink wat daar gebeur het is met die interne ondersoek wat gehou is deur generaal Badenhorst is die lêers miskien/... (20)

K43.3534

- 1196 -

BRITS

miskien daar gehou vir, indien hy dit wou sien.

MNR.McNALLY: Ter insae? -- Ja, ek dink dit was miskien moontlik die rede.

VOORSITTER: En of hy ooit die lêers kon gesien het of dit aan hom beskikbaar gestel is? -- Ek weet nie. Die kere wat hy met my gepraat het was daar nie 'n nodigheid vir die lêers nie en het hy dit nie gesien nie. (30)

MNR. McNALLY: En vanaf die tyd toe die lêers nou gehou was deur mnr. Verster self wat was die nuwe prosedure as u toegang wou kry tot u lêer?-- Dan het ek vir, ek dink dit was vir Braam, het ek gevra of hy vir my kan toegang verleen tot die kluis. Ek het daar die lêers gekry en daarmee gehandel en dit weer daar terugbesorg.

En was die lêers op daardie stadium nog in die betrokke tas?

-- Ja.

K44. So is dit korrek dan dat indien u nie die lêers wegge-neem het uit mnr. Verster se besit, die twee persone wat ons kan vertel (10) waar die lêers is, moet wees, Verster of Braam self is?-- As daar net daardie twee sleutels beskikbaar was. Ek is nie, ek kan nie vir u sê of daar meer sleutels was nie van die spesifieke kluis nie, maar daardie twee persone het wel van die sleutels gehad.

En hulle was in beheer van die lêers? -- Braam was in beheer van die lêers, maar soos ek sê daar kan meer sleutels gewees het.

Ek dra nie kennis van meer mense het nie.

VOORSITTER: Maar wil u vir my sê van begin Januarie het u nooit weer na u lêers gekyk nie? -- Nee.

Het u glad niks met die lêers... ? -- Van middel Januarie (20) nee.

Ekskuus, middel Januarie. -- Ja, middel Januarie. Ek het/...

K44.0036

- 1197 -

BRITS

het nooit weer die behoefte gehad om te kyk na die lêers nie, dit was nie nodig gewees nie.

MNR. McNALLY: Die hele doel van hierdie hele stelsel was om vir u beter kontrole te gee ten opsigte van u lêers né? -- Ek dink dit was spesifiek so na die Kommissie, maar soos ek sê dat ek kan dink, ek is nou nie seker die tydperk van daardie interne ondersoek (30) of dit tydens Januarie was nie, maar ek dit is een van die redes

hoekom ek dink die tasse toe wel daar was.

En is dit u getuienis dat u vanaf middel Januarie geen beheer uitgeoefen het oor u lêers tot op hede? -- Ja, die beheer wat ek uitgeoefen het is dat ek geweet het dit is veilig in daardie kluis.

Nou u het gedink dat u geweet het? -- Wel ek het later agtergekom dit is net nie meer daar nie.

Ja, nou waar is daardie projeklêers van u streek?

-- Ek sal ook graag wil weet. Ek dra nie kennis daarvan nie.

Maar het u met Braam en met Verster gepraat oor waar daardie lêers is? -- Ek het navraag gedoen en daar is net vir my gesê hulle dra nie kennis van die lêers nie. (10)

Maar hoe is dit moontlik? -- Ek weet nie.

Maar u het seker dit met hulle uitgeklaar hoe dit moontlik is dat die lêers wat onder hulle beheer was nou skielik weg is?-- Ek weet, ek was ongelukkig daaroor, want u sien 'n mens het lêers nodig vir ouditdoeleindes.

VOORSITTER: Nou het die Ouditeur-generaal nie 'n oudit kom doen nie? Het die Ouditeur-generaal nie onlangs 'n oudit probeer doen nie? -- Ja, ek dink dit was na die tyd, ek sal nie ... (tussenbei)

Ja en toe, wat kon julle vir hom gee? -- Nee, toe kon ons/... (20)

K44.0094

- 1198 -

BRITS

ons niks vir hom gee nie.

Niks, geen finansiële lêers, geen projeklêers, niks nie? -- Ja, dit is toe nou in die tas van Streek 6 wat nie beskikbaar is nie.

Al die streke? -- Nee, wel ek weet nie.

R22 miljoen, wat is julle begroting, R22 miljoen? -- Ek praat net van Streek 6. (30)

Nee, ek praat van die BSB se begroting? -- Ja-nee, ek is nou nie seker wat die presiese bedrag is nie.



Nou vir hoeveel van daardie R22 miljoen is daar projek-lêers beskikbaar? Is daar een projeklêer beskikbaar waarvan u weet? -- Ja, daar is beskikbaar. Onder andere die projekte wat onder my buitelandse projekte sorteer het ek opgespoor.

Wanneer het u dit opgespoor? -- Ek het hulle, toe mnr. McNally dit vir ons gevra het, het ek dit opgespoor. Daar was 'n spesifieke interne komitee aangestel van BSB om te kyk na die oorhandiging van buitelandse projekte in die toekoms en daardie lêers was in hulle besit en ek het dit toe gekry en ek het dit in my besit.

(10)

Wie is hierdie komitee? -- Dit bestaan onder andere uit die besturende direkteur uit.

En wie is die res? -- Ek dra nie kennis van die res van die komitee nie. Ek dien nie daarop nie.

MNR. McNALLY: U praat van die besturende direkteur. Is dit mnr. Verster? -- Dit is reg.

Staan hy nou aan die hoof van 'n komitee wat na hierdie projekte vir u kyk? -- Nee, ek sê daar is 'n interne komitee aangestel om te kyk na buitelandse projekte wat moontlik oor-handig kan word aan ander agentskappe.

(20)

Wie staan aan die hoof van daardie komitee? -- Mnr.

Verster/...

K44.0149

- 1199 -

BRITS

Verster en die lêers is toe ingetrek om te kyk na wat die projekte alles behels en ek het toe daardie projekte wat ek nou nog beheer het ek wel by hom gekry.

Het u Braam gevra in verband met waar die ander projek-lêers is, het u hom uitgevra? -- Ja, ek het hom gevra en hy het gesê hy is jammer. Hy is nie die enigste ou met die sleutel nie.

(30)

Wie is die ander ouens met die sleutels? -- Mnr. Verster het een sleutel en ek weet nie of daar nog mense is met ander sleutels

nie.

Maar wat het Braam vir u gesê in daardie verband? -- Hy het vir my gesê as die lêers weg is, is hy jammer hy het dit nie weggevat nie.

En het u mnr. Verster gevra waar is hierdie interne pro-jeklêers? -- Ek het hom gevra.

En wat sê hy toe? -- Hy het ook vir my gesê hy dra nie kennis van die feit dat dit weg is nie.

VOORSITTER: En toe bring hy nou vir u 'n spul lêers aan? -- Ja, dit is nou lank daarna.

(10)

Nou hoe het hierdie lêers nou skielik weer ontspring as hulle in dieselfde tas was? -- Nee-nee, dit was nie in die-selfde tas nie.

Maar dit is dan ook Streek 6 lêers? -- Ja, maar die projekte wat ek behartig het was in ander tasse altyd gehou as dié lêers wat gehandel het oor die binneland. Dit was nie in dieselfde tas nie. Dit is drie ander tasse, want die projekte wat ek vermeld het het omvattende dokumentasie en dit is in drie ander tasse gewees, waar ander mense ook toegang gehad het.

So toe het net die binnelandse Streek 6 lêers verdwyn,

(20)

is/...

K44.201

- 1200 -

BRITS

is dit wat u sê?-- Ja, dit is reg.

Dit is interessant en ook net die binnelandse Streek 6 finansiële lêers het ook verdwyn?-- Ja.

Maar hulle was nie in dieselfde tas gewees as die projek-lêers nie? -- Die finansiële lêers?

Ja. -- Nee, dit was.

(30)

Was dit in dieselfde tas?-- Ja.

MNR. McNALLY: Ek verstaan dat u bereid is om die projeklêers ten

opsigte van wat u noem die buitelandse projekte wat onder Streek 6 se nommer geresorteer het, dat u bereid is om daar-die lêers tot die beskikking van die Kommissaris en tot my beskikking te stel. Is dit so? -- Ek is bereid om dit te doen.

Is dit met die doel dat ons onself tevrede kan stel dat dit wel buitelandse projekte is? -- Dit is heeltemal korrek.

Mnr. die Voorsitter sal dit u pas dat ons deur daardie oefening gaan môre-oggend sal ons sê 08h30, sal dit u pas mnr. Brits? -- Ja.

Goed, ons sal dit dan verder voer, maar ons kan verder gaan in die tussentyd. So om op te som onder paragraaf 14, beweer u dat alhoewel u bedoel was om beheer oor u lêers te hê daar was 'n nuwe stelsel ingebring om u beheer te verbeter en waar u die kombinasieslot se nommer geken het en niemand anders nie, dat u nie weet waar die lêers is nie? -- Nee.

Gaan voort dan met paragraaf 15 asseblief? --

"'n Dokument waarop amptenare van die Kommissie beslag gelê het is aan my getoon. Die dokument bevat 'n lys van name van persone. Onder andere verskyn die naam van David Webster daarin en teenoor sy naam is daar 'n pyl-tjie aangebring.

Ek is versoek om, indien dit vir my

moontlik/...

K44.0275

- 1201 -

BRITS

moontlik is, te verduidelik waarom daar 'n pyltjie teenoor die naam van David Webster op die betrokke lys aangebring is.

Na ondersoek het ek vasgestel dat die lys deur 'n lid van een van BSB se ander streke verkry is. Pogings word aangewend om 'n verklaring van die lid te verkry."

Het u sedert die opstel van die verklaring sukses behaal met daardie poging? -- Ja, ek het. Ek weet nie, miskien kan my advokaat daarvoor praat. Ons het .... (tussenbei)

MNR. (ONBEKEND): Mnr. die Voorsitter ons het 'n geskrewe verklaring van die persoon gekry. Ons sal poog om dit mettertyd behoorlik te laat tik en te beëdig en aan die Kommissie te oorhandig.

MNR. McNALLY: Goed. Daar word hier verwys na die verwysing na dr. David Webster in die aanhangsel tot kolonel Wright se onlangse verklaring wat hy hierdie week ingehandig het. Gaan voort daan met paragraaf 16. --

"Die amptenare van die Kommissie het ook versoek dat ek moet handel met sekere insidente waaroor reeds getuienis afgelê is. (10)  
Soos hierbo vermeld is sodanige insidente behalwe ..."  
Behandel. -- Ekskuus:

"Is sodanige insidente behandel asof hulle afsonderlike projekte was wat nie werklik die geval is nie. Ek het die beëdigde verklaring van P.J. Verster wat by die Kommissie ingedien is, gelees en ek verwys spesifiek na paragraaf 7 daarvan."

Kan ons daar stilstaan asseblief? U verklaring is nog nie ingehandig nie, so ek dink u beter asseblief daardie paragraaf in die rekord inlees, paragraaf 7, ja. Mnr. die

Voorsitter/...  
(20)

K44.0328

- 1202 -

BRITS

Voorsitter wat mnr. Verster aanbetref is daar twee verklarings wat ingehandig moet word. Die een wat hy aan brigadier Mostert gemaak het wat ons sal nommer C32 en dan hierdie een waaruit die getuie nou gaan lees wat BEWYSSTUK C33 sal wees. Dit is reeds versprei onder lede van die verskeie regspanne.

VOORSITTER: Ja, sal u dan net daardie paragraaf 7 lees?

MNR. McNALLY: Sodatu dit kan volg gee ek vir u 'n afskrif mnr. die Voorsitter. -- Goed, ek handel dan met paragraaf 7 van mnr. Verster se verklaring. (30)

VOORSITTER: Wat sê mnr. Verster?

MNR.McNALLY: Op die tweede bladsy mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Goed, ja, wat sê u daarvan?

MNR. McNALLY: Lees net daardie paragraaf 7? --

"Ek handel vervolgens met die insidente in generaal Badenhorst se verklaring vermeld wat tersaaklik is tot die Kommissie se ondersoek:

Chikane: BSB het nie enige opdragte gegee dat die bewegings en roetine van Chikane vasgestel moes word nie."

Geen die letters. Dit is (a) en nou (b)?-- Goed.

(b) Bruce White, Gavin Evans en Abdullah Omar: Boge-noemde persone (10)  
is deur lede van BSB gemonitor as deel van BSB se normale werkswyse ten einde inligting te verkry.

(c) Roskamp se motor: Ek ontken dat BSB by hierdie insident betrokke was.

(d) Opblaas van Marius se Winkel: Ek ontken ook dat BSB betrokke was by hierdie voorval.

(e) Beweerde moord op Boetie van der Merwe: BSB was nie betrokke by die persoon bekend as Boetie van der Merwe nie.

(f)/...

K44.0392

- 1203 -

(20)  
BRITS

(f) Die Delmasvoorval: Ek dra geen kennis van hierdie insident nie en ontken dat BSB daarby betrokke was.

(g) Die Webster-moord: BSB was nie by betrokke by die moord op dr. Webster nie.

(h) Die Athlone bomvoorval en die apieprojek: Ek is deur my regsverteenvoerders adviseer dat ek nie verplig is om enige vrae te antwoord wat my moontlik mag inkrimineer nie. Ek verkies om geen vrae te beantwoord met betrekking tot hierdie twee voorvalle nie, aangesien die antwoorde op sodanige vrae my moontlik mag inkrimineer." (30)

So u vereenselwigu met daardie passasie uit mnr. Verster se verklaring. Is dit wat u sê? -- Ja, ek neem kennis daarvan.

Nou lees verder dan uit u verklaring, paragraaf 16? -- Goed: "Die amptenare van die Kommissie het ook versoek dat ek moet handel met sekere insidente waaroor reeds getuienis afgelê is.

SOos hierbo vermeld is sodanige insidente behandel asof hulle afsonderlike projekte was wat nie werklik die geval is nie.

Ek het die beëdigde verklaring van P.J. Verster wat by die Kommissie ingedien is, gelees en ek verwys spesifiek na paragraaf 7 daarvan. My verduideliking ten opsigte van die insidente vermeld in paragrawe 7(a), (c), (d), (e), (f) en (g) is presies dieselfde as dié van Verster. Ek is nie bereid om vrae te beantwoord oor die Athlone bomvoorval, die apieprojek of oor Omar en Evans nie, aangesien sodanige antwoorde my moontlik strafregtelik mag inkrimineer.

My verduideliking ten opsigte van Bruce White is

dieselfde/...

K44.0445

- 1204 -

BRITS

dieselfde as dié van Verster, soos uiteengesit in paragraaf 7(b) van sy verklaring." (20)

Ja, goed onderworpe aan wat ons môre-oggend sien in die lêers mnr. die Voorsitter sluit dit my ondervraging af. Ek stel voor dat ons dan uitstel tot môre-oggend.

MNR. BERTELSMANN: Voordat ons verdaag, Bertelsmann namens die David Webster Trust. Mnr. die Voorsitter ek sou graag vir doeleindes van kruisverhoor van hierdie getuie insae in die dagboek waarna hy verwys het wil verkry. My geleerde vriend, mnr. McNally, het vir my vantevore toegang gegee. Ek het die bladsye wat hy ingehandig het wel gesien, aantekeninge daarvan gemaak. (30)

Daar is egter ander aspekte in die boek wat ter sprake gekom het noudat die getuie getuig het en ek sou graag as dit moontlik

is na die dagboek wil kyk.

MNR. HATTINGH: Die dagboek, soos ons reeds aan ons geleerde vriend, mnr. McNally, uitgewys het bevat inskrywings wat be-trekking het op sekere projekte wat suiwer buitelandse projekte is en wat ook onder die Wet op Beveiliging van In-ligting val.

Soos byvoorbeeld die projekte waarna die getuie of sommige van die projekte waarna die getuie in paragraaf 10 van sy verklaring verwys het. Dit is om daardie spesifieke rede wat mnr. McNally slegs sekere bladsye wat vir doeleindes van hierdie Kommissie tersaaklik is daaruit gehaal het. Ek glo en ek glo dat mnr. McNally waarskynlik my daarin sal ondersteun dat dit wat tersaaklik is vir die ondersoek van hierdie Kommissie uit daardie dagboek gehaal is en aan u voorgelê is. Die res is nie tersaaklik nie en ons het beswaar daarteen dat ander persone insae in daardie boek verkry. (10)

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter vir soverre dit bona fide buitelandse projekte betref, sou uit die aard van die saak/...

K44.0507 - 1205 - BRITS  
(20)  
saak van ons kant geen beswaar wees as die getuie bygestaan deur sy regsverteenwoordigers, die verwysings in die dagboek wat daar mag verskyn toeplak nie en ons sal nie daarna gaan kyk nie. Ons sal na die gedeeltes kyk wat nie toegeplak is nie.

VOORSITTER: Ja, maar u weet - kan u meer spesifiek wees watter dae u wil sien?

MNR. BERTELSMANN: Nee, ek kan nie. Ek wil na die hele dagboek kyk en as my geleerde vriende gedeeltes wil uithaal wat soos hulle sê... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, maar soos ek die posisie verstaan het is juis die gedeeltes uitgehaal wat toeganklik is. (30)

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, ek wil graagin die eerste

instansie die getuie se getuienis toets, nommer een ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar ek kan u nou nie toelaat om sy getuienis te toets aan hand van goed wat ek u nie toegang kan gee nie.

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit begryp ek, maar as daardie ge-deeltes toegeplak word dan kan daar geen beswaar wees nie.

VOORSITTER: Maar ek het afgelei dat wat nou gebeur het, is die res is alles toegeplak behalwe hierdie bladsye.

MNR. BERTELSMANN: Ek dink nie dat dit die geval is nie, ek weet nie. Ek het nie daarna gekyk nie.

VOORSITTER: Nee, maar ek bedoel in, hoe sal ek sê in teorie, nie in feite nie. (10)

MNR. BERTELSMANN: U sien ek het dit nou nie so verstaan nie.

VOORSITTER: Mnr. McNally, wat is die posisie?

MNR. McNALLY: Ja, daar is sekere inskrywings wat kleurloos is in die sin datdit nie geheim gehou hoef te wees nie, maar daar is ook inskrywings volgens wat ek verneem wat aandui

byvoorbeeld/...

K44.0564

- 1206 -

BRITS

byvoorbeeld die werklike name van agente en hulle bank-rekeningnommers en selfs telefoonnommers en ek dink dit is wat my geleerde vriend, mnr. Hattingh wil beskerm. Ek het sulke inskrywings gesien. Ek het dit self gesien. So ek en kolo-nel Wright het die dagboek deurgewerk met die doel om die in-skrywings uit te sonder wat moontlik van hulp vir die Kommissie kan wees met sy huidige taak en dit is die bladsye wat ons voor u geplaas het. (20)

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, kan u moeite doen om u kliënt, die moeite doen om vanaand deur die boek te gaan en alle bladsye wat, dit hang af wat die meeste is, die kleurlose bladsye of die bladsye wat nie daardie tipe inligting het nie vir ons te identifiseer? (30)

MNR. HATTINGH: Ja, ons sal poog om dit te doen. Ek moet egter



net sê dat dit wat op die oog af kleurloos mag voorkom vir die leek miskien ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek kan nie 'n oordeel daaroor uitspreek nie.

MNR. HATTINGH: Korrek, so as ons voel dat daar byvoorbeeld 'n naam verskyn wat op die oog af kleurloos mag lyk, mag dit dalk 'n naam wees wat in sekere kringe baie betekenis mag inhou.

VOORSITTER: Nee, maar dit is hoekom ek sê, dit is basies, in 'n gewone blootleggingsituasie sal ek moet staatmaak op u kliënt se eed. So en op dieselfde basis sal ek hier daarop moet staatmaak.

MNR. BERTELSMANN: As ek dalk 'n praktiese reëling aan die hand mag doen. Al wat die getuie hoef te doen is om 'n geel plakkertjie op daardie bladsy te plak wat hy nie wil hê ons na moet kyk nie en ons gaan nie daarna kyk nie. (10)

VOORSITTER: Ek sou sê mnr. Hattingh-hulle moet dit uitsorteer.

MNR. HATTINGH: /...

K44.0570

- 1207 -

BRITS

MNR. HATTINGH: Meneer die Voorsitter, mag ek net dan vir die doeleindes net uit die aard van die saak toegang tot die getuie hê. Hy sal my behulpsaam moet wees. (20)

VOORSITTER: Ja, natuurlik.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 10 MEI 1990.

--ooOoo--

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Harms Commission of Inquiry*

*Location:-*

**©1990**

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.